



# U3A Stilbaai

NUUSBRIEF Nr. 22

April 2017

[www.u3astilbaai.org](http://www.u3astilbaai.org)

[info@u3astilbaai.org](mailto:info@u3astilbaai.org)

## MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 24 April 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

## DIE BEGROTING EN ONS EKONOMIE

**Max Döckel**

Prof. Max Döckel lewer sy jaarlikse praatjie oor die begroting en die effek van die begroting op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Verlede jaar, etlike maande na die Nene krisis, het Max die effek van 'n moontlike afgradering van die Rand na rommel status bespreek – dit het nou gebeur. Met die huidige politieke krisis is Max se menings oor wat die toekoms vir ons inhoud van belang vir almal.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

## DIT EN DAT ...

### **Welkom aan lede van die Voëlklub.**

Die Stilbaai Voëlklub het ontbind en skakel nou in by U3A Stilbaai as 'n formele groep bekend as U3A Stilbaai Voëlgroep. Ons wil die lede van die Voëlklub hartlik verwelkom en nooi hulle uit om by U3A Stilbaai aan te sluit en te deel in die voordele van ons organisasie.

Die Voëlgroep sal voortgaan met hul belangrike werk aan die Suid-Afrikaanse Voëlatlasprojek; die groep sal identifikasie-kursusse organiseer; praatjies en aanbiedings van algemene belang aanbied; en voël-uitstappies organiseer. Terwyl die kursusse net vir U3A lede is, is die atlasprojek, praatjies en aanbiedings oop vir almal.

Die U3A Stilbaai komitee het vir Johan van Rooyen op die komitee koöpteer om die behoorlike integrasie en koördinasie van die groep te verseker.

### **Maart se Maandelikse Praatjie.**

Sal Carter se praatjie oor berowing en die leedproses het mens laat dink en het gevoelens aangeraak wat meeste mense probeer onderdruk. Tog is 'n goeie manier om persoonlike verlies te hanteer om oop te maak en dit met ander te deel. Na Sal se praatjie verstaan ons die prosesse betrokke en hoe om sulke situasies te verwerk. Dit help ook om ons te laat verstaan hoe om die smart van familie en vriende te hanteer.

### **Jagersbosch Fonds.**

Die Baleia uitstappie het R100 vir die Fonds gelewer; by die TED praatjie van 22 Maart is R56 ontvang; en by die Maart maandelikse vergadering was die opkoms van die uitloting R315. Die fonds staan nou op R2,365.57.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: [www.u3astilbaai.org](http://www.u3astilbaai.org).  
Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak.

## Lidmaatskap

Ons ledeetal is nou 163; vyf nuwe lede het in Maart aangesluit - welkom aan julle almal.

## BELANGRIKE KENNISGEWING: Epos kennisgewings.

Ons kry 'n toenemende aantal versoek om kennisgewings oor nie-U3A verwante aktiwiteite aan ons lede uit te stuur. Die komitee het besluit dat ons NIE enige epos kennisgewings sal uitstuur wat nie oor U3A funksies of aktiwiteite handel nie. Ons kommer is dat as ons julle oorval met eposse oor allerhande goed wat in Stilbaai gebeur, julle later eposse afkomstig van [info@u3astilbaai.org](mailto:info@u3astilbaai.org) gaan ignoreer. Neem dus kennis dat alle eposse van [info@u3astilbaai.org](mailto:info@u3astilbaai.org) sal slegs oor U3A sake wees.

## U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Stefan Pretorius is die ko-ordineerdeerder vir alle U3A Stilbaai kursusse, sy kontak is [stefanpretorius877@gmail.com](mailto:stefanpretorius877@gmail.com) vir algemene navrae.

- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydagoggend. Kontak Cheryl op [cheryl@kmintsa.co.za](mailto:cheryl@kmintsa.co.za).
- **Historiese Toere** : Hella se volgende toer van historiese Stilbaai is op Woensdag 3 Mei, dit begin om 09h00 by Jagersbosch. Hierdie toere is baie populêr, maar ons moet getalle beperk want die groep besoek mense se wonings. Kontak asseblief vir Hella op [dockel@vodamail.co.za](mailto:dockel@vodamail.co.za).
- **Kookkuns** : Die kookkursusse word gehou die eerste Vrydag van elke maand; getalle word beperk. Bespreek asseblief u plek by Stefan op [stefanpretorius877@gmail.com](mailto:stefanpretorius877@gmail.com).
- **Voëlkyk vir beginners** : Hierdie populêre kursus word weer later in die jaar aangebied. Kontak Johan van Rooyen by [rooyenvanjohan@gmail.com](mailto:rooyenvanjohan@gmail.com); getalle word beperk en dié populêre kursus is gou vol.
- **Koki's & Potlode** : "Skakel stres uit met inkleur vir volwassenes". Hierdie nuwe kursus begin in April. Vergader elke Dinsdag van 2 tot 4nm in Die Waenhuis, Jagersbosch. R5 per sessie. Blaaie en toerusting sal aan beginners voorsien word. Kontak Carol Malan by 028 754 2817.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: [info@u3astilbaai.org](mailto:info@u3astilbaai.org).

## **TED TALK : "BAD SCIENCE"**

**Woensdag, 26 April 2017 om 09h30**

Die volgende TED Praatjie is op Woensdag 26 April om 09h30 in Die Waenhuis, en word deur Stefan Pretorius fasiliteer.

"**Bad Science**" is 'n TED praatjie deur Dr Ben Goldacre gegrond op sy 2008 boek met dieselfde naam ('n top 10 treffer vir Amazon Boeke), waarin hy verslaggewing van gesondheids en wetenskap sake in die media kritiseer. Daar was 'n positiewe resensie oor die boek in die "British Medical Journal".

Die praatjie dek: Ontgiftiging; brein oefeninge; valse wetenskaplike aansprake deur kosmetiese vervaardigers; homeopatie; die troosmedisyne effek; voedselkundiges; anti-oxidante; voedsel toevoegsels. Die selektiewe gebruik van feite uit gepubliseerde navorsing om 'n spesifieke standpunt te ondersteun. TV dieet "gurus" en selfbetitelde "doktors" wat beweer dat visolie kapsules kinders slimmer maak. "Professor" Patrick Holford. Is hoofstroom medisyne sleg? Hoe die media publieke misverstande van wetenskap bevorder. Hoekom slim mense dom dinge glo. Slegte statistiek. Gesondheids panieke. Die Media se MMR kullery. Die liggaam se immune-stelsel.

Kontak Stefan by [stefanpretorius877@gmail.com](mailto:stefanpretorius877@gmail.com) vir meer inligting.

**TED** is 'n onpartydigde beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaakklikebedryf en Ontwerp ("Technology, Entertainment & Design") vergader het; vandaag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêreldskwessies. Kry meer inligting by [www.ted.com](http://www.ted.com).

## **UITSTAPPIES**

Ons beplan 'n paar uitstappies. Een is 'n U3A naweek wegbreak na Honeywood Farm langs Grootvadersbosch wes van Heidelberg. Dit is 'n pragtige area met woude, een van die grootste oorblywende Afrika bergwoude oos van George is by Groodvadersbosch.

'n Ander moontlik uitstappie is 'n dagbesoek aan Gysmanshoek en Plattekloof passe in die Langeberge noordwes van Riversdal. Dit word voorlopig vir laat winter beplan wanneer die veldblomme in berge in hul volle prag is. Maar die uitstappie sal afhang van die toestand van die pad in die berge in later in die jaar, ons sal dit ondersoek voor ons die uitstappie finaliseer.

Ons sal julle op hoogte hou.

## **KOMENDE PRAATJIES ...**

Die program vir die maandelikse praatjies vir die volgende aantal maande is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 29 Mei 2017: Derick Swart praat oor aanpassings in veeboerdery as reaksie op veranderinge in die omgewing.
- 26 Jun 2017: Daan Toerien bespreek die impakte van "fracking" in die Karoo op toerisme.
- 31 Jul 2017: Petra Daneel vertel ons meer van Jagersbosch.
- 28 Aug 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".

***U3A Stilbaai verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.***

**BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : [WWW.U3ASTILBAAI.ORG](http://WWW.U3ASTILBAAI.ORG)**